**Sondag 16 Oktober 2022: Half- of heelhartig**

Charlie Mackesy skryf in 2019 'n topverkoper boek genaamd The Boy, the Mole, The Fox and the horse. Dit is 'n teken prentjie boek, maar die min woorde wat daarbinne staan is baie treffend. Dit gaan oor die interaksie tussen die seun, die mol, die jakkals en die perd.

Soos byvoorbeeld op Bladsy 2 lees ons:

- "I'm so Small," said the mole. "Yes," said the boy, "but you make a huge difference."

Later in die boek lees ons:

- "Isn't it odd. We can only see our outsides, but nearly everything happens on the inside." Said the mole to the boy.

- "I am truly tiny' said the mole. 'The love inside you,' said the boy 'is as big as the universe."

Gebed:

Ons lees vandag vanuit Jeremia 31:27-34. Net voor ons lees dink ek dit is belangrik om te onthou dat Jeremia nie in 'n rooskleurige tyd geskryf het nie. Dit het werklik waar swaar gegaan met die volk en die mense. Jeremia spreek oordeel uit, maar ook nie heeltyd nie. Tog het Jeremia nie net van God se oordeel getuig nie. Ons teks kom uit 'n gedeelte van Jeremia wat as die "Boek van Vertroosting" bekendstaan. God se boodskap aan mense t.s.v. chaos.

27. Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek Israel en Juda weer sal vol maak met mense en diere.
28. Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here.
29. In daardie tyd sal hulle nie meer sê: "Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie.
30. Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word.
31. Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.
32. Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here.
33. Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.
34. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.

Wat die gedeelte nog meer merkwaardig maak, is dat hierdie teks geskryf is op die vooraand van Ballingskap. Dus geskryf reg voor dinge nog slegter raak. Maar Jeremia kies om hier vêr verby die seer te kyk en liewer op God se genesing en herstel te fokus. Dit maak dus van hierdie gedeelte (soos met laasweek se Jeremia 29) deel van die hart van die boek. Hierdie nuwe verbond wat soveel keer in die teks voorkom.

Ons teks kan in twee dele ingedeel word:

- Die eerste gedeelte (v 27-30) vertel van God se belofte om die beloofde land weer met lewe te vul, en elke gelowige persoonlik verantwoordelik te hou vir sy/haar sonde.

- Die tweede gedeelte (v 31-34) vertel van die nuwe verbond of ooreenkoms wat die Here met sy volk sluit, en wat die aard van hierdie verbond is.

In my lees hierdie week het daar vir my 2 goed veral uitgestaan. 2 dinge wat ek weet in my leef, en ek weet in die volk ook geleef het.

Ek wonder sommer: Wie in julle familie gee altyd vir ander mense die skuld? Dit is nooit jou fout nie. Deur dit te doen, geen jy nou alreeds vir ander die skuld. Eintlik moes jy liewer hand opsteek, eerder as vinger wys.

Die volk het blykbaar dikwels gesê*: "Die vaders het groen druiwe geëet en die kinders se tande het stomp geword" (v 29*). Daarmee het hulle bedoel die geslagte voor hulle het gesondig, maar dat hulle nou die gevolge moes dra.

Ek doen dit dikwels en hoor dit dikwels en lees dit heeltyd in verhale. Dit wat gebeur het, is nie my skuld nie. Dit was hulle. Die sisteem het my toegelaat om dit te doen. Dit is ou laai van mense om ander skuld te gee vir wat met hulle gebeur en vir wat hulle met hulle lewens doen.

Dit is my pa en ma en my oupa en my ouma en die onderwysers en die skool en die professor weer en die regering en die skeidsregter en my werkgewer en my hond en my kat …. dit is hulle skuld, nie myne. In geestelike terme is die moderne verskonings bindinge en bloedlyne en lidmaatskap van die Vrymesselary en die Broederbond en selfs die NG Kerk wat jou sondes veroorsaak. Langs hierdie weg word mense se verantwoordelikheid om pa te staan vir hulle eie besluite en keuses van hulle weggeneem en word die skuld gerieflik verplaas.

Jeremia beveg in ons teks hierdie verstaan van lewe. Elkeen moet maar pa staan vir sy eie lewe. Jy kan wel jou storie gebruik om te verduidelik hoekom jy dalk meer geneig is tot dit of dat en hoekom jy meer sukkel met hierdie of daardie… maar jy mag dit nooit as ‘n verskoning gebruik nie. Na alles is ons vrye wesens wat self kan besluit hoe ons wil lewe en wat ons wil doen met hierdie een lewens geleentheid wat aan ons gegun word. Ons is vry om te kies, maar ons is ook verantwoordelik vir die gevolge van daardie keuse.

Van nou af sal almal persoonlik verantwoordelik wees vir hulle sonde, hulle eie "tande sal stomp word". Persoonlike geloof en persoonlike geloofs verantwoordelikheid word nou herstel.

Ek dink ons is omring met mense wat gereeld die blame game speel. Want solank as wat dit iemand anders se skuld is, hoef en niks daaraan te doen nie en word daar absoluut niks van my gevra in die situasie nie. Sodoende ontken ons die vryheid en verantwoordelikheid wat God se nuwe liefdes verbond.

Maar daar is ‘n ander manier. ‘n Ander moontlikheid. Ek dink die bekende skrywer George Bernard Shaw vat dit mooi saam:

*“People are always blaming their circumstances for what they are. I don't believe in circumstances. The people who get on in this world are the people who get up and look for the circumstances they want, and if they can't find them, make them.”*

En ons elkeen ken sulke mense. Dit is tog die hart van die Blom gesin se getuienis vanoggend ook. Om die behandeling te boek nog voordat hul presies weet waar die geld vandaan kom. Om te vertrou dat God daar is t.s.v. nie a.g.v.

**(Die nuwe verbond beweeg: van vinger wys na hand opsteek)**

Die tweede ding wat vir my in die teks uitstaan is die bekende vers 33: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê.

Dit het my laat dink aan die gedagte dat daar 'n verskil is tussen Motiveer (Red Bull) en Inspireer (Water). En die verskil tussen motiveer en inspireer is waar dit vandaan kom en hoe lank dit hou.

Motivering is iets wat van buite af kom. Mense motiveer jou. Liedjies motiveer jou. Die salaris motiveer jou. Die beloning vir die goeie punte of die goeie gedrag motiveer jou. Die gevaar hiervan is dat dit dikwels net tydelik of van korte duur is. En na 'n tyd moet jy nog 'n red bull of Energade dink. Moet jy weer maar motivational video's kyk of quotes lees. Dit is die rede hoekom meeste van ons Nuwejaarsvoornemens nie einde Januarie maak nie.

Inspirasie is egter iets wat van binne afkom. Vanaf binne na buite. Inspirasie is die wilskrag hier diep binne jou. Dit is daardie innerlike dryf om hierdie ding te wil doen en daarom aan te hou doen. Dit is jou brandstof. Dit verflou ook en raak soms minder, maar dit gaan nooit weg nie, dit bly daar. Inspirasie is van binne na buite.

'n Swakheid van mense is dat ons graag van buite beheer wil word. Ons soek reëls en wette en strawwe … ons stel dit self ook in om ander te beheer. Ons glo dat om mense van buite te dreig, te dissiplineer, te regeer, die beste en maklikste weg is. Jeremia beveg dit en vra dat ons moet terugkeer na wat Jesus ook geleer het: uit die hart kom die ware lewe. Van binne na buite. Dit is hoe 'n mens sinvol lewe.

- So in effek moet die spoedkameras in Knysna nie my motor se spoed beheer nie, maar my voet wat luister na my hart wat kies om wetsgehoorsaam te wees al is die spoedkamera buite werking.
- So eintlik moet boetie en sussie nie beter speel omdat pappa en mamma gil en skree langs die sportveld nie, maar hul speel volgens die beste van hul vermoe wat hul glo God het die gawes en talente vir hulle gegee om deel te neem.
- So eintlik doen ek en jy die regte ding, nie omdat mense ons raaksien of omdat ons dit moet doen nie, maar eerder omdat ons dit wil doen. 'n Lewe nie a.g.v nie, maar t.s.v.
- So eintlik is dit nie net 'n werk vir 'n salaris of verhoging nie, maar liewer omdat God die gawes en talente vir my gegee het.

In Hebreërs 8 word hierdie gedeelte uit Jeremia net so aangehaal. Die verbond wat God vir ons gegee het, is gebou op die feit dat die Here se woorde, in ons hart is, as deel van ons is. En dit is geskryf nie met potlood of soms nie, die grondtaal verduidelik dat dit getatoeëer is in ons lewe.

**<u>(Die nuwe verbond- van hierbinne na daarbuite)</u>**

Ek sluit af met nog 'n verhaal:

Elke jaar vroeg Januarie is die koerant propvol matrieks se unieke verhale. Leerders wat dit regkry om bo hul omstandighede uit te styg. Die matriek wat elke dag 5 km skool toe stap. Die matriek wat saans by kerslig moet leer. Die matriek wat met haar visuele gestremdheid 5 A's kry in 'n gewone skool. Maar hierdie week toe lees ek weer die verhaal van Gillian Esterhuizen. Die verhaal se opskrif is Gillian sit alles in om familie trots te maak.

Gillian was in 2021 die Hoofmeisie van die Hoërskool Hexvallei in De Doorns. Sy is aan die einde van matriek die top presteerder vir Afrikaans en Engels in haar matriekgroep aangewys. Sy slaag matriek met Universiteit vrystelling en een A, maar dit is vir haar moeilik want sy kan nie die nuus met haar Ma (Priscilla) deel nie.

- Sy was 10 jaar oud toe haar ma in ‘n Taxi ongeluk dood is.
- Sy sien op haar Ma se begrafnis haar Pa vir die eerste keer, maar daarna het sy hom in die afgelope 8 jaar ook maar nog net 2 keer gesien.
- Sy het in Grendeltyd in 2020 geboorte gegee aan Leighton. Haar familie het niks gewees nie en eers die dag van die geboorte van die swangerskap uitgevind.

Die verhaal eindig dat Gillian haar Ouma, tannie en sussie bedank vir die ongelooflike ondersteunings raamwerk wat hul is.

Nêrens in die artikel word daar iets van Gillian se geloof genoem nie, maar ek het aan haar lewe gedink en dit is vir my so wat in Jeremia 31 staan. Wat sy het alle rede gehad om die blame game te speel. My Pa is afwesig, my ma is dood op toe ek 10 was. Nou het ek ‘n voorkind. Wat kan ek tog doen hier in De Doorns. maar sy het nie. sy steek hand op en hou aan eienaarskap aanvaar en die geleenthede wat sy het te gebruik. En verder wil ek glo, sy kan voortgaan wat haar ondersteunings raamwerk is mense wat van binne na buite leef.

Soos ons vanoggend gelees het:

- “I’m so Small,” said the mole. “Yes,” said the boy, “but you make a huge difference.”
- “Isn’t it odd. We can only see our outsides, but nearly everything happens on the inside.” Said the mole to the boy.
- “I am truly tiny' said the mole. 'The love inside you,' said the boy 'is as big as the universe.”

Mag ons met God in ons, die lewe met groot verantwoordelikheid aanpak en altyd kies om van binne na buite leef. Amen

Seënbede:

Gee my O Heer

‘n Nederige Hart

Dat ek op U mag fokus

‘n Ruim hart

Dat ek vir ander mag sorg

‘n Toegewyde hart

Dat ek altyd mag luister

‘n Liefdevolle hart

Dat ek altyd my naaste mag dien

Gee my Here,

U hart!

Sodat ek Heelhartig kan leef..